basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

REKENINGKUNDE

NOVEMBER 2012

PUNTE: 300

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye en 'n 20 bladsy-antwoordeboek.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.

2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf om ALLE vrae in te beantwoord.

3. Bewerkings moet getoon word om deelpunte te verdien.

4. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.

6. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n gids wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG 1: 35 punte; 20 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Leeruitkomste gedek:**
Voorraadwaardasie en belasting op toegevoegde waarde (BTW)	LU1 **Finansiële rekeningkunde** AS2 Boekhousiklus AS7 BTW LU3 **Bestuur van hulpbronne** AS4 Berekening en waardering van voorrade

VRAAG 2: 30 punte; 20 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Leeruitkomste gedek:**
Bankversoening en Debiteure-ouderdomsontleding	LU1 **Finansiële rekeningkunde** AS4 Vertolking van Bankversoening en Debiteure-ouderdomsontleding LU3 **Bestuur van hulpbronne** AS6 Pas interne beheer en ouditprosesse toe

VRAAG 3: 55 punte; 35 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Leeruitkomste gedek:**
Vervaardiging, interne beheer en etiek	LU2 **Bestuursrekeningkunde** AS2 Produksiekostestaat AS2 Eenheidskoste en gelykbreekpunt LU3 **Bestuur van hulpbronne** AS5 Etiek AS6 Pas interne beheer en ouditprosesse toe

VRAAG 4: 70 punte; 40 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Leeruitkomste gedek:**
Maatskappy finansiële state en vaste bates	LU1 **Finansiële rekeningkunde** AS1 Begrippe AS5 Finansiële state LU3 **Bestuur van hulpbronne** AS3 Bateverkope

VRAAG 5: 70 punte; 40 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Leeruitkomste gedek:**
Vertolking van maatskappy-inligting en ouditverslag	LU1 **Finansiële rekeningkunde** AS1 Begrippe AS5 Finale rekeninge, finansiële state en ontleding en vertolking AS6 Ouditverslae

VRAAG 6: 40 punte; 25 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Leeruitkomste gedek:**
Geprojekteerde Inkomstestaat en interne beheer	LU1 **Finansiële rekeningkunde** AS5 Ontleding van verhoudings LU2 **Bestuursrekeningkunde** AS3 Ontleed en vertolk 'n Geprojekteerde Inkomstestaat LU3 **Bestuur van hulpbronne** AS6 Pas interne beheer en ouditprosesse toe

VRAAG 1: BEGRIPPE, VOORRAAD EN BTW (35 punte; 20 minute)

1.1 BEGRIPPE

GEVRA:

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is:

1.1.1 Die EIEU-metode van voorraadwaardasie is gebaseer op die aanname dat voorraad wat laaste verkry is, die eerste handelsware is wat verkoop sal word.

1.1.2 Volgens die deurlopende voorraadstelsel word vraggeld op goedere aangekoop, in die Handelsvoorraadrekening gedebiteer.

1.1.3 Wanneer goedere onder die periodieke voorraadstelsel verkoop word, word die koste van verkope terselfdertyd opgeteken.

1.1.4 Alle sakeondernemings in Suid-Afrika moet belasting op toegevoegde waarde hef op alle goedere wat hulle verkoop en alle dienste wat hulle lewer.

1.1.5 Wanneer die eienaar van 'n klereonderneming klere vir persoonlike gebruik teen kosprys neem, word BTW op hierdie goedere gehef. (10)

1.2 VOORRAADWAARDASIE

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Quality Bouverskaffers vir April 2012. Hulle koop bokse vloerteëls en verkoop dit aan kleinhandelaars in die Hazyview-omgewing. Hulle gebruik die geweegdegemiddelde-metode om voorraad te waardeer en die periodieke voorraadstelsel. Verwys na die tabel hieronder.

1.2.1 Bereken die totale waarde van die beginvoorraad (A). (3)

1.2.2 Bereken die waarde van die teëls ontvang op 25 April 2012 (B). (4)

1.2.3 Bereken die waarde van die eindvoorraad deur die geweegde-gemiddelde-metode te gebruik. (6)

INLIGTING	**BOKSE TEËLS VOORHANDE**	**WAARDE PER EENHEID**	**VRAGGELD OP AANKOPE**	**TOTALE WAARDE**
Beginvoorraad (1 April 2012)	600	R85,00		**(A)**
Bokse teëls gedurende die maand gekoop	**3 160**			**?**
10 April 2012	1 000	R90,00	R4 500	R94 500
20 April 2012	1 200	R95,00	R5 700	R119 700
25 April 2012	960	R120,00	R5 760	**(B)**
Bokse beskadigde teëls aan voorsiener teruggestuur (hierdie teëls is oorspronklik op 25 April afgelewer)	100	**?**		**?**
Verkope vir die maand	2 510	R160,00		R401 600
Eindvoorraad (30 April 2012)	1 150	**?**		**?**

1.3 BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Amy se Klerewinkel. Alle goedere is onderhewig aan 14% BTW. Amy Andrews is die eienaar van die besigheid.

GEVRA:

1.3.1 Bereken die bedrag verskuldig aan SAID vir BTW. (9)

1.3.2 Amy het nog nie die BTW-opgawe ingedien nie.

John Smith is die interne ouditeur. Hy het 'n GR- ('CA') kwalifikasie. Hy het opgemerk dat 'n faktuur vir aankope by KZN Groothandelaars vir R200 000 deur Amy geteken is en deur die boekhouer opgeteken is. Na 'n ondersoek ontdek hy dat KZN Groothandelaars nie bestaan nie.

Wat behoort John Smith hieromtrent te doen? Verduidelik. (3)

INLIGTING:

		BTW UITGESLUIT	**BTW**	**BTW INGESLUIT**
1.	Fakture van verskaffers ontvang	R500 000	R70 000	R570 000
2.	Fakture aan klante uitgereik	R820 000	**?**	R934 800
3.	Kredietnotas aan klante uitgereik	R60 000	**?**	**?**
4.	Kredietnotas van verskaffers ontvang	R40 000	R5 600	R45 600
5.	Goedere deur Amy vir persoonlike gebruik geneem	**?**	**?**	R14 250
6.	Oninbare skulde afgeskryf	R15 000	R2 100	R17 100

35

VRAAG 2: BANKVERSOENING EN DEBITEURE-OUDERDOMSONTLEDING
(30 punte; 20 minute)

2.1 **GEVRA:**

Voltooi die volgende sinne in jou eie woorde:

- Dit is belangrik om elke maand 'n Bankversoeningstaat op te stel omdat … (2)
- Dit is belangrik om elke maand 'n Debiteure-ouderdomsontleding op te stel omdat … (2)

2.2 Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Cravenby Handelaars.

GEVRA:

2.2.1 Verwys na Inligting B. Die boekhouer het besluit om die bedrag van R40 000 af te skryf.
- Watter AARP-beginsel sal die boekhouer in hierdie geval toepas? Verduidelik hierdie beginsel kortliks. (3)
- Die boekhouer wil 'n soortgelyke probleem in die toekoms voorkom. Gee TWEE oplossings om interne beheer in hierdie opsig te verbeter. (4)

2.2.2 Stel die Bankversoeningstaat op 31 Mei 2012 op. (13)

INLIGTING:

A Die volgende saldo's is in die boeke van die besigheid en die Bankstate geïdentifiseer:

	30 APRIL 2012	**31 MEI 2012**
Bankrekening in Grootboek	R12 720	**?**
Bankstaat	R24 700	R19 310 (oortrokke)

B Items wat in die Bankversoeningstaat op 30 April 2012 verskyn:
- 'n Deposito van R40 000, gedateer 2 April 2012, verskyn in geen Bankstaat nie. Hierdie geld kan nie opgespoor word nie en die kassier het verdwyn.
- Tjeknr. 962, van R2 340, gedateer 10 April 2012, verskyn in die Bankstaat op 2 Mei 2012.
- Tjeknr. 967, van R4 790, gedateer 20 April 2012, is nog nie by die bank deur die trekker, S Smit, vir betaling ingedien nie.

C Die Bankstaat vir Mei toon bankkoste, R1 850 en rente op 'n oortrokke bankrekening, R920.

D Items wat in die Kontantjoernale verskyn, maar nie in die Bankstaat nie:
- Tjeknr. 1122 van R4 650, gedateer 18 Mei 2012
- Tjeknr. 1129 van R8 540, gedateer 25 Augustus 2012
- 'n Deposito van R11 550, gedateer 31 Mei 2012

E Die bank het vir Mei R960 te veel bankkoste afgetrek. Die bank stem in om die fout gedurende Junie 2012 reg te stel.

2.3 Jy word voorsien van die Debiteure-ouderdomsontleding van Cravenby Handelaars op 31 Mei 2012.

GEVRA:

Identifiseer TWEE verskillende probleme deur die Ouderdomsontleding getoon en haal bewyse uit die vraag aan om jou antwoord te staaf. In elke geval stel 'n interne beheermaatreël voor om die probleem reg te stel. (6)

INLIGTING:

DEBITEURE-OUDERDOMSONTLEDING OP 31 MEI 2012

Kredietbeleid:

- *Debiteure sal 30 dae gegee word om hulle skuld te vereffen.*

NAAM	KREDIET-LIMIET	TOTAAL	HUIDIGE MAAND	30 DAE	60 DAE	60 DAE+
J Arrakal	**R5 000**	R2 100	R1 000	R500	R600	
P Fakude	**R3 500**	R4 200		R1 200	R1 800	R1 200
J Martin	**R1 500**	R2 004		R704	R1 300	
H Howard	**R1 500**	R1 500			R1 000	R500
P Pomani	**R2 000**	R700	R700			
		R10 504	R1 700	R2 404	R4 700	R1 700
		100%	16%	23%	45%	16%

30

VRAAG 3: VERVAARDIGING (55 punte; 35 minute)

3.1 CAPE SJOKOLADE

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Cape Sjokolade vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2012. Mary Muller is die eienaar van die besigheid.

GEVRA:

Stel die volgende vir die jaar geëindig 30 Junie 2012 op:

3.1.1 Fabrieksbokostenota tot die Produksiekostestaat (20)

3.1.2 Produksiekostestaat (Toon berekeninge tussen hakies waar notas nie verlang word nie.) (16)

INLIGTING:

1. **Voorraadsaldo's:**

	30 JUNIE 2012	1 JULIE 2011
Direktemateriaal-/Grondstof-voorraad	R20 000	R18 000
Goedere-in-bewerking-voorraad	?	R35 000
Indirektemateriaal-voorraad	R7 500	R7 200

2. **Transaksies vir die jaar:**

A Grondstowwe:
- Grondstowwe gedurende die jaar gekoop, R650 000.
- Grondstowwe wat nie bestel was nie, is aan die verskaffer teruggestuur, R35 000.
- Koste van vervoer van grondstowwe was 'n addisionele R12 300.

B Fabriekshuur betaal, R68 500.

C Advertensies betaal, R23 500.

D Fabrieksonderhoud betaal, R46 700. Herstelwerk ter waarde van R1 300 is in Junie 2012 voltooi, maar sal eers in Julie 2012 betaal word.

E Water en elektrisiteit betaal, R80 000 (hierdie bedrag moet tussen die fabriek, 70% en die kantoor, 30% gedeel word).

F Indirekte materiaal gekoop, R56 000. Let op dat voorrade aan die einde van elke jaar voorhande is (sien Inligting 1 hierbo). 80% van die indirekte materiaal is in die fabriek gebruik en die res in die kantoor.

G Waardevermindering afgeskryf:
- Kantoortoerusting, R9 500
- Fabrieksmasjinerie, R12 800

H Diverse uitgawes betaal, R21 000. Dit moet volgens gebruikte vloerspasie toegeken word. Die verhouding van die spasie wat deur die fabriek, kantoor en verkoopsdepartement gebruik word, is 4 : 2 : 1.

I Salarisse en lone:
- Lone aan die skoonmaker betaal, R46 000 (Sy spandeer 50% van haar tyd om die fabriek skoon te maak.)
- Drie fabriekswerkers is in diens geneem. Hulle werk elk 1 600 uur gewone tyd gedurende die jaar teen R40 per uur. Hulle het elk 300 uur oortyd gedurende die jaar gewerk teen 'n koers van 50% meer as die gewone tarief.
- Die fabrieksvoorman is 'n salaris van R89 050 betaal. Dit sluit sy salaris vir Julie 2012 in. Neem kennis dat hy 'n verhoging van R650 per maand met ingang van 1 Januarie 2012 ontvang het. Hy was die volle jaar in diens.
- Salaris aan die kantoorassistent betaal, R130 000 vir die jaar.

J Die produksiekoste van sjokolade vir die jaar is R1 212 000.

3.2 BELINO VERVAARDIGERS

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Belino Vervaardigers wat uit twee fabrieke bestaan wat verskillende produkte produseer: Belino-komberse en Belino-handdoeke. Die eienaar van die besigheid, Benny Belino, het die wins wat hy oor die afgelope twee jaar (2011 en 2012) verdien het, vergelyk en ontdek dat dit met meer as R3 miljoen afgeneem het. Hy vra raad om hierdie ontstellende neiging om te keer. Let op dat die inflasiekoers 7% is en dat Benny dit reggekry het om die vaste koste onveranderd te hou oor die afgelope jaar.

GEVRA:

3.2.1 Verwys na die rekenmeester se berekeninge van veranderlike koste per eenheid:
- Identifiseer die produksiekoste wat die grootste probleem veroorsaak het in die maak van die komberse en die handdoeke. Verduidelik en haal syfers aan om jou antwoord te staaf.
- Gee aan Benny 'n moontlike praktiese oplossing in elke geval. (6)

3.2.2 Benny weet nie hoe om die gelykbreekpunt te bereken nie. Gee die bewerkings om te bewys dat die 2012-gelykbreekpunt van 12 298 eenhede vir komberse eintlik korrek is. (4)

3.2.3 Verwys na die aantal komberse in 2012 geproduseer en verkoop, en die gelykbreekpunt vir komberse. Verduidelik waarom hierdie syfers vir Benny kommerwekkend behoort te wees. Haal syfers aan om jou antwoord te staaf. (4)

3.2.4 Benny het besluit om die pryse van óf die komberse óf die handdoeke met R15,00 in die volgende finansiële jaar te verhoog.

- Watter produk behoort Benny met R15,00 te verhoog? Verduidelik en haal syfers aan om jou antwoord te staaf. (3)
- In hierdie geval, skat hoeveel ekstra netto wins hy volgende jaar kan verdien as aangeneem word dat sy produksie- en verkoopsvlak onveranderd sal bly. Gee 'n berekening om jou antwoord te staaf. (2)

INLIGTING:

Die rekenmeester het die volgende inligting geïdentifiseer:

	BELINO-KOMBERSE		**BELINO-HANDDOEKE**	
Algemene inligting:	**2012**	**2011**	**2012**	**2011**
Totale vaste koste (fabrieksbokoste en administrasiekoste)	R3 800 000	R3 800 000	R2 500 000	R2 500 000
Netto wins	R1 144 000	R5 975 000	R2 620 000	R930 000

Berekening van veranderlike eenheidskoste:

Direktemateriaalkoste per eenheid	R34,00	R35,00	R27,00	R20,00
Direkte-arbeidskoste per eenheid	R75,00	R65,00	R16,00	R16,00
Verkoops- en verspreidingskoste per eenheid	R12,00	R9,00	R3,00	R5,00
Totale veranderlike koste per eenheid	**R121,00**	**R109,00**	**R46,00**	**R41,00**

Addisionele inligting/berekeninge:

Verkoopprys per eenheid deur Belino gevra	**R430,00**	**R500,00**	**R110,00**	**R90,00**
Verkoopprys van mededingers	R410,00	R450,00	R130,00	R105,00
Aantal eenhede gemaak en verkoop	16 000 eenhede	25 000 eenhede	80 000 eenhede	70 000 eenhede
Gelykbreekpunt	12 298 eenhede	9 719 eenhede	39 063 eenhede	51 020 eenhede

55

VRAAG 4: MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE EN VASTE BATES

(70 punte; 40 minute)

4.1 PASITEMS

GEVRA:

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.1.1	Inkomstestaat	A	dit toon die eienaarsekwiteit (netto waarde) van 'n maatskappy, sy bates en laste, aan die einde van die finansiële jaar
4.1.2	Balansstaat		
4.1.3	Kontantvloeistaat	B	dit toon 'n mening uitgespreek oor die redelike aanbieding van die syfers in die finansiële state
4.1.4	Onafhanklike Ouditeursverslag	C	dit toon die netto wins of verlies van 'n maatskappy vir 'n finansiële jaar
		D	dit toon die effek van die bedryfs-, finansierings- en beleggingsaktiwiteite op die geld wat die besigheid besit

(8)

4.2 MASTER BEPERK

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Master Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2012.

GEVRA:

4.2.1 Gebruik Inligting 2 om die Nota vir Vaste/Tasbare Bates te voltooi deur die ontbrekende syfers deur 'n * getoon, in te skryf. (17)

4.2.2 Bereken die Behoue Inkomste op 30 Junie 2012. (Jy mag 'n Verdelingsrekening opstel indien jy dit verkies.) (7)

4.2.3 Stel die Balansstaat van Master Bpk. soos op 30 Junie 2012 op. Toon jou bewerkinge tussen hakies aangesien notas NIE verlang word NIE. (38)

INLIGTING:

1. **Nota tot die Balansstaat op 30 Junie 2012**

VASTE/TASBARE BATES	GROND EN GEBOUE	TOERUSTING	VOERTUIE
Drawaarde – 1 Julie 2011	**R 930 000**	**R 220 000**	**R 519 200**
Kosprys	**930 000**	**561 000**	**814 000**
Opgehoopte waardevermindering	**0**	**(341 000)**	**(294 800)**
Bewegings			
Toevoegings teen kosprys	*	*	**0**
Verkope teen drawaarde	**0**	**0**	*
Waardevermindering	**0**	*	**(98 890)**
Drawaarde – 30 Junie 2012	**1 580 000**	*	*
Kosprys	**1 580 000**	**616 000**	*
Opgehoopte waardevermindering	**0**	*	*

2. **Besonderhede van vaste bates**
   - Grond en geboue is gedurende die jaar aangekoop. Waardevermindering word nie daarop afgeskryf nie.
   - Nuwe toerusting is halfpad deur die finansiële jaar vir R55 000 gekoop. Hierdie transaksie is korrek opgeteken.
   - Maak voorsiening vir waardevermindering op toerusting teen 10% p.j. op kosprys.
   - 'n Voertuig is vir kontant teen drawaarde op 31 Maart 2012 verkoop. Dit is korrek in die boeke opgeteken. Die besonderhede van die bate verkoop in die Vastebateregister is soos volg:
     - Kosprys, R165 000
     - Opgehoopte waardevermindering aan begin van finansiële jaar, R66 000
     - Waardeverminderingskoers van 20% p.j. volgens die verminderdesaldo-metode
   - Waardevermindering op al die voertuie is R98 890 vir die jaar.

3. Die volgende syfers is aan die einde van die finansiële jaar op 30 Junie 2012 uit die rekeningkundige rekords geneem:

Gewone aandelekapitaal (730 000 aandele)	R 1 825 000
Behoue inkomste (1 Julie 2011)	39 000
Vaste deposito (sien Inligting 4)	203 000
Verbandlening van Khaya Bank	306 240
Vaste/Tasbare bates	?
Debiteurekontrole	68 000
Krediteurekontrole	77 500
Voorsiening vir oninbare skulde	1 450
SAID (Inkomstebelasting – voorlopige belastingbetalings)	175 000
Opgelope/Betaalbare uitgawes	18 300
Bank (Dt)	61 340
Kleinkas en wisselgeld	3 200
Handelsvoorraad	118 000
Verbruiksgoedere voorhande	4 000
Aandeelhouers vir dividende	219 000

4. Daar is twee vaste deposito's by Sahara Bank. 'n Vaste deposito van R98 000 verval op 30 Desember 2012. Die res verval op 31 Mei 2014.

5. Die volgende hou verband met die verbandlening van Khaya Bank:
   - Rente word gekapitaliseer.
   - Rente vir die jaar is nog nie opgeteken nie, R63 360.
   - Die lening sal met R52 800 oor die volgende finansiële jaar verminder word.

6. Aandele en dividende:
   - 100 000 nuwe aandele is op 1 Januarie 2012 uitgereik. Dit is geboekstaaf.
   - Tussentydse dividende van 20 sent per aandeel is op 31 Desember 2011 betaal.
   - Finale dividende van R219 000 is op 30 Junie 2012 verklaar.

7. Die Inkomstestaat toon:
   - Netto wins voor belasting, R560 000
   - Inkomstebelasting vir die jaar, R168 000.

70

VRAAG 5: VERTOLKING VAN MAATSKAPPYINLIGTING (70 punte; 40 minute)

5.1 Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

winsgewend; solvent; likied; opbrengs; risiko/hefboomverhouding

5.1.1 'n Maatskappy wie se totale bates meer as sy totale laste is, is ...

5.1.2 'n Maatskappy wat baie op lenings staatmaak, sal 'n hoë ... hê.

5.1.3 'n Maatskappy wat sy inkomste en uitgawes deeglik kontroleer, sal ... wees.

5.1.4 Die persentasie netto inkomste op ekwiteit toon die ... deur aandeelhouers verdien.

5.1.5 'n Maatskappy wat sy onmiddellike skulde kan vereffen, is ... (10)

Sien volgende bladsy vir VRAAG 5.2

5.2 JANKELO BEPERK

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Jankelo Bpk. Nuwe aandele is op die eerste dag van die finansiële jaar uitgereik.

GEVRA:

Gebruik die inligting hieronder om die volgende syfers of finansiële aanwysers vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2012 te bereken. Bereken tot EEN desimale plek, waar van toepassing.

5.2.1 Vuurproefverhouding (4)

5.2.2 Verdienste per aandeel (in sent) (4)

5.2.3 Netto batewaarde per aandeel (in sent) (3)

5.2.4 Persentasie opbrengs op gemiddelde aandeelhouersekwiteit (5)

5.2.5 Die syfers wat in die Kontantvloeistaat sal verskyn vir:
- Terugbetaling van lenings (2)
- Opbrengs uit die uitreik van gewone aandele (4)
- Vaste bates aangekoop (Let wel dat vaste bates met 'n boekwaarde van R105 000 teen drawaarde verkoop is.) (5)

INLIGTING MET BETREKKING TOT JANKELO BPK.:

	30 JUNIE 2012	**30 JUNIE 2011**
Verkope	R 1 500 000	R 1 300 000
Waardevermindering	40 000	32 000
Netto wins na belasting	330 000	374 000
Gewone aandeelhouersekwiteit	1 445 000	1 133 000
Gewone aandelekapitaal (pariwaarde R5,00)	900 000	740 000
Aandelepremie	188 000	132 000
Behoue inkomste	357 000	261 000
Nie-bedryfslaste	500 000	630 000
Vaste/Tasbare bates	1 667 000	1 620 000
Bedryfsbates (voorrade ingesluit)	190 000	203 000
Bedryfslaste	120 000	170 000
Voorrade	110 000	135 000

5.3 FINANSIËLE AANWYSERS VAN TWEE MAATSKAPPYE

Jou vriend, James, oorweeg dit om aandele in 'n maatskappy te koop wat hardloopskoene verkoop. Hy vra jou vir raad en gee jou die volgende finansiële aanwysers van twee maatskappye wat hy oorweeg. Albei maatskappye het dieselfde aantal aandele met dieselfde pariwaarde.

	KWELA BPK.	POMI BPK.
Markprys per aandeel op die JEB	750 sent	885 sent
Netto batewaarde per aandeel	609 sent	939 sent
Verdienste per aandeel	410 sent	176 sent
Dividende per aandeel	240 sent	185 sent
% opbrengs op aandeelhouersekwiteit	21,3%	11,2%
% opbrengs op totale kapitaal aangewend	32,6%	13,6%
% rentekoers op lenings	15,0%	15,0%
Skuld/Ekwiteit-verhouding	0,3 : 1	2,0 : 1
Bedryfsverhouding	6,0 : 1	1,5 : 1
Vuurproefverhouding	2,8 : 1	0,9 : 1
Periode waarvoor voorraad voorhande is	150 dae	88 dae
Gemiddelde debiteure-invorderings-periode	53 dae	25 dae

GEVRA:

Verduidelik jou antwoorde op die volgende vrae. Vergelyk en haal in elke geval finansiële aanwysers van albei maatskappye aan (werklike syfers, verhoudings of persentasies) om jou antwoord te staaf.

5.3.1 James is van mening dat Pomi Bpk. sy bedryfskapitaal meer effektief hanteer en in 'n beter likiditeitsposisie as Kwela Bpk. is. Verduidelik en haal DRIE finansiële aanwysers aan om sy mening te staaf. (9)

5.3.2 Oorweeg die gebruik van lenings deur die twee maatskappye:
- Watter maatskappy maak meer gebruik van lenings? Haal 'n finansiële aanwyser aan vir elke maatskappy.
- Verduidelik of dit 'n goeie idee was of nie vir daardie maatskappy om van lenings gebruik te maak. Haal EEN finansiële aanwyser aan. (6)

5.3.3 Kwela Bpk. het 'n beter persentasie opbrengs, verdienste en dividende as Pomi Bpk. Verduidelik en haal DRIE finansiële aanwysers aan vir elke maatskappy. (9)

5.3.4 Die bestaande aandeelhouers van die twee maatskappye het verskillende menings oor die huidige markwaarde van hulle aandele.
- Verduidelik waarom die bestaande aandeelhouers van Kwela Bpk. gelukkig hiermee is. Haal 'n finansiële aanwyser/syfers aan om jou antwoord te staaf.
- Verduidelik waarom die bestaande aandeelhouers van Pomi Bpk. baie teleurgesteld hiermee is. Haal 'n finansiële aanwyser/syfers aan om jou antwoord te staaf. (4)

5.4 OUDITVERSLAE

Jy word voorsien van uittreksels uit die onafhanklike ouditverslae van Kwela Bpk. en Pomi Bpk.

Uittreksel uit ouditverslag van Kwela Bpk.:

Na ons mening verstrek hierdie finansiële state 'n redelike weergawe, in alle wesenlike aspekte, van die finansiële posisie van hierdie maatskappy op 29 Februarie 2012 en die uitslae van hulle bedrywighede en kontantvloei vir die jaar geëindig volgens Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde en op die manier soos vereis deur die Maatskappyewet van Suid-Afrika.

Uittreksel uit ouditverslag van Pomi Bpk.:

Na ons mening, behalwe vir die uitwerking van die maatskappy se oorvaluering van sy vaste bates, verstrek hierdie finansiële state 'n redelike weergawe van die finansiële posisie van die maatskappy op 29 Februarie 2012 en die uitslae van hulle bedrywighede en kontantvloei vir die jaar geëindig volgens Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde, en op die manier soos vereis deur die Maatskappyewet van Suid-Afrika.

GEVRA:

Bestudeer die ouditverslae van Kwela Bpk. en Pomi Bpk.

Hoe sal hierdie ouditverslae James se besluit oor in watter maatskappy hy aandele moet koop, beïnvloed? Verduidelik ten opsigte van elke maatskappy. (5)

70

VRAAG 6: GEPROJEKTEERDE INKOMSTESTAAT EN INTERNE BEHEER
(40 punte; 25 minute)

Jim Jambo is die eienaar van die Happy Holiday Winkel. Jy word voorsien van uittreksels uit die Geprojekteerde Inkomstestaat wat deur Jim opgestel is vir die drie maande wat op 31 Desember 2012 eindig. Hy het 'n kolom vir die werklike uitgawes wat hy in Oktober aangegaan het, ingesluit.

GEVRA:

6.1 Verduidelik waarom dit belangrik is dat Jim 'n Geprojekteerde Inkomstestaat voorberei. (2)

6.2 Bereken die persentasie styging in verkope wat hy in Desember verwag. Verduidelik waarom hy vir hierdie styging begroot het. (4)

6.3 *Winsopslag:* Gedurende Oktober het 'n mededinger in dieselfde gebied geopen. Jim het besluit om dadelik sy winsopslagpersentasie aan te pas om die nuwe mededinger teen te werk.
- Bereken die winsopslagpersentasie wat hy werklik in Oktober behaal het. (3)
- Verduidelik of dit 'n goeie idee was om die winsopslagpersentasie van die oorspronklike teiken te verander of nie. (3)

6.4 Bereken die volgende bedrae in die Geprojekteerde Inkomstestaat:
- Huurinkomste vir November 2012 (Verwys na Addisionele Inligting 1.)
- Advertensies vir Desember 2012 (Verwys na Addisionele Inligting 2.)
- Rente-uitgawe vir November 2012 (Verwys na Addisionele Inligting 1.) (10)

6.5 Verwys na die werklike en begrote bedrae vir Oktober 2012.
- Identifiseer die DRIE oorhoofse uitgawes wat swak deur Jim beheer is. Haal syfers aan om jou antwoord te staaf. (6)
- Watter advies sal jy vir Jim gee om sy interne beheer oor oorhoofse uitgawes te verbeter? Verduidelik. (2)

6.6 Verwys na Addisionele Inligting 3. Jim is van mening dat hy finansieel kan baat indien hy Samuel se aanbod aanvaar. Noem DRIE punte wat 'n positiewe invloed op sy Geprojekteerde Inkomstestaat vir Januarie 2013 kan hê indien hy die aanbod aanvaar. Gee syfers of inligting uit die vraag om jou antwoord te staaf. (6)

6.7 Jim is ook bewus van die feit dat daar negatiewe punte is indien hy die aanbod sou aanvaar. Noem TWEE punte wat Jim in aanmerking moet neem voordat hy besluit om die eiendom te verkoop. Verduidelik. (4)

INLIGTING:

HAPPY HOLIDAY WINKEL
UITTREKSEL UIT DIE GEPROJEKTEERDE INKOMSTESTAAT
VIR DIE DRIE MAANDE GEËINDIG 31 DESEMBER 2012

	BEGROOT	**WERKLIK**	**BEGROOT**	**BEGROOT**
	OKT. 2012	**OKT. 2012**	**NOV. 2012**	**DES. 2012**
Verkope	R 590 000	R 710 500	R 590 000	R 708 000
Koste van verkope	368 750	490 000	368 750	442 500
Bruto wins	221 250	220 500	221 250	265 500
Huurinkomste	5 200	5 200	**?**	**?**
Salarisse	**?**	**?**	**?**	**?**
Onderhoud van eiendom	4 000	7 000	4 000	4 000
Munisipale belasting op eiendom	1 000	1 000	1 000	1 000
Telefoon	1 500	1 200	1 500	1 500
Water en elektrisiteit	1 200	5 600	1 200	1 200
Advertensies	4 000	4 000	4 000	**?**
Skryfbehoeftes	**?**	**?**	**?**	**?**
Handelsvoorraadtekort	8 000	12 300	8 000	8 000
Rente-uitgawe (15% p.j.)	(12 500)	(12 500)	**?**	(11 250)

ADDISIONELE INLIGTING:

1. Jim het in 2011 die grond en geboue vir R1,2 miljoen gekoop.
   - Hy verhuur 'n onbenutte gedeelte van hierdie eiendom aan 'n huurder. Die huurgeld gaan op 1 November 2012 met 5% verhoog word.
   - Jim het 'n lening by sy broer aangegaan om vir die grond en geboue te betaal. Die saldo op hierdie lening was R1 miljoen op 1 Oktober 2012. Die rentekoers is 15% p.j. en die lening word maandeliks met R50 000 verminder op die laaste dag van die maand. Rente word maandeliks betaal en word nie gekapitaliseer nie.

2. Jim plaas tans vyf advertensies per maand in die plaaslike koerant. Hy beplan om dit in Desember te vermeerder na agt advertensies. Die tarief per advertensie gaan met 10% verhoog op 1 Desember 2012.

3. Jim wil graag sy geprojekteerde netto inkomste verbeter en oorweeg 'n aanbod van 'n plaaslike besigheidsman, Samuel Davids.

   Samuel is bereid om in Desember 2012 al die grond en geboue van die besigheid by Jim vir R1,5 miljoen te koop en dit dan aan hom vir R10 500 per maand te verhuur.

   Jim stel belang in die aanbod, aangesien hy weet dat hy dan die lening aan sy broer ten volle kan afbetaal op 1 Januarie 2013 (die lening op hierdie datum sal R850 000 wees). Hy sal ook in staat wees om die surplus fondse in 'n vaste deposito teen 6% p.j. te belê.

40

TOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou